



Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Grendelstaat
Nuusbrief 10
14 Aug 2020

Uit die Hoof se kantoor



Die Bybel se wyse raad in 1 Petrus 2:12 is: "Handhaaf goeie gedrag onder die nasies, sodat hulle, in die aangeleentheid waarin hulle teen julle praat as kwaaddoeners, as gevolg van julle goeie werke waarvan hulle ooggetuies is, God in die dag van sy inspeksie sal verheerlik." God leer ons verder in die Bybel hoe om ander met respek en waardigheid te behandel en deur ons onberispelike gedrag 'n voorbeeld vir ander te wees. Dit is dus ons, as vennote in die opvoeding van die kind, se plig om 'n gekoesterde omgewing (skool en huis) te skep. Om as't ware 'n plek te skep waar omgee, respek en liefde heers.

Ons skool was bevoorreg om die akademiese program vir graad RR tot 7 leerders op 12 Augustus te kon hervat na 'n 2 weke vakansie. Al ons leerders het wonderlik aangepas by die nuwe reëlings. Die leerders kan gekomplimenteer word vir hulle gedrag en dissipline in hierdie moeilike tyd. 'n Besondere woord van dank aan die personeel, onderwysers, bestuur en beheerliggaam en ouers wat ons skool se belange op die hart dra om van hierdie moeilike situasie die beste te maak.

Baie dankie aan al die ouers wat getrou hul skoolgeld bly betaal. Die skool het steeds die normale dag tot dag- en salaris uitgawes waaraan ons moet voldoen. Graag versoek ek dat u steeds u finansiële verantwoordelikheid sal nakom, sodat ons die kwaliteit onderrig kan lewer waarop ons leerders geregtig is. Aan al die Swarries - sterkte vir die res van die derde kwartaal en kom ons kyk of ons 'n positiewe verskil kan maak!

Ten slotte deel ek graag die skrywer Eleanor Doan se gebed vir haar kinders met u:

DIE GEBED VAN 'N OUER Hemelse Vader...

Help ons om goeie ouers te wees;

Laat ons liefhê met 'n liefde wat verder kan sien as ons eie selfsugtige strewe.

Leer ons om elke oomblik van ons lewe na u te kyk vir die regte leiding

En laat ons hierdie groot taak wat U ons opgelê het, altyd as 'n voorreg beskou.

Gee dat ons hart en siel verenig sal wees in een taak:

die wil van ons Here en die beswil van ons naaste.

dat ons ons kinders sal leer om ook te gee en nie net te ontvang nie.

Laat ons dit nie vir hulle te maklik maak nie.

Leer ons die vreugde van saamwees en saamdoen.

Leer ons om bly te wees.

Gee ons die krag om altyd te kan luister -

na hulle verlanges

na hulle vreugdes

na hulle hartseer,

want so dikwels wil 'n kind maar net 'n oor hê wat sal luister as hy praat.

Leer ons om nie te veel te praat nie, maar dat elke woord wat ons uitspreek, gewig sal dra.

Laat ons, ons beloftes aan hulle hou, want geloof word so maklik afgebreek.

Leer ons veral om ons kinders naby U te hou - nie in ons woorde nie Heer - maar in dit wat ons daaglik doen.

Versterk ons geloof sodat hulle geloof ook sterk kan bly.

Gee ons wysheid Heer, om hulle die vreugde van regverdigheid te leer.

Om altyd eerlik en opreg te wees onder die moeilikste omstandighede.

Laat hulle leer om nie te luister na wat mense van hulle sê nie, maar dat hulle elke dag voor U sal rekenskap gee.

Here, wat meer kan ons vra?

Ons is so dankbaar dat U ons waardig geag het om ouers te wees.

Amen

Vertaling uit Sourcebook for Mothers

Groep-bywoningsrooster en aangepaste skoolkalender

Oggende: Die leerders moet tussen 07:00 en 07:30 afgelaai word. Hekke sluit stiptelik 07:30.

Middae: Skool verdaag 13:40. ALLE hekke sluit om 14:00 waarna GEEN leerder meer op die terrein mag wees nie. Leerders wat dan nie opgelaai is nie, sal in die voorportaal moet wag tot 14:30 wanneer die kantoor sluit. Daarna is daar GEEN personeel meer op die terrein om toesig te hou nie. Indien u nie ander reëlings kan tref nie, moet leerders by 'n naskoolsentrum ingeskryf word. Ons maak staat op u samewerking hierin.

Dag van die Week	Groep by die skool	Roosterdag (Gr 4-7)
Maandag 17 Aug	B	Dag 4
Dinsdag 18 Aug	A	Dag 5
Woensdag 19 Aug	B	
Donderdag 20 Aug	A	Dag 6
Vrydag 21 Aug	B	

Skoolkalender Kwartale oor vir 2020	Datums (onderhewig aan verandering deur die Staat)	Weke in die kwartaal
3	12 Augustus – 23 Oktober	10
4	2 November – 15 Desember	7

Ons sê totsiens...



Baie geluk aan Mnr Marius Bornman met sy aanstelling as Departementshoof by Laerskool Suikerbos in Vereeniging. Hy begin reeds op 1 September by hulle. Juffrou Riekie bly darem nog 'n rukkie by ons maar sal mettertyd by hom aansluit. Ons sal hom mis met sy draffie op die rugbyveld waar hy as skeidsregter vir 'n rugbywedstryd regstaan. Een ding wat aan sy kant was is dat ouers nie sommer met hom moeilikheid gesoek het langs die veld nie!

Wie nou orals met die kinders gaan bergfiets ry en agter hulle op sy fiets aanry as hul aan wedlope deelneem, is 'n ope vraag.

Marius sal onthou word as iemand wat altyd sy woord gestand gedoen het en uiters konsekwent was in sy optrede. Ons beste wense vergesel hom en sy gesin in die toekoms!

Swarries 100km Lockdown Run

**“Harder – Faster – Stronger
Run AS One, Work AS a Team, Finish AS a Family”**

Met hierdie leuse in hul harte het 26 van ons Swarrie landloop-atlete op Saterdag, 1 Augustus 'n afloswedloop van 105km afgelê. Die eerste atleet het weggespring in Hennospark en van daar af is die virtuele 'aflos-stokkie' oorgegee aan atlete in Wierdapark, Raslouw, Eldoraigue en Clubview. Ons graad 7 atlete nl. Rico Coetzer, Reinhardt Behrens, Alishia Middleton en Arno Laubscher het die laaste skof tot by die skool afgelê, elkeen met 'n fakkel in die hand. Onder toejuiging van hul ouers, deelnemers en ondersteuners het hulle vir die laaste keer as Swarrie atlete die skool binne-gehardloop met die klanke van “Chariots of Fire” in die agtergrond.



Mnr Marius Bornman het die atlete van begin tot einde met sy fiets vergesel. Juf Elria Geerlings het aan elke deelnemer 'n geskenkpakkie met medalje en sertifikaat oorhandig. Ons bedank graag die landloop-afrigters asook elke persoon wat 'n aandeel gehad het in die sukses van hierdie dag. Ons het baie positiewe terugvoer ontvang (selfs van bekende afrigters van elders in die land) wat ons skool geprys het vir die

skitterende inisiatief om sport na kinders te neem tydens die grendeltyd. Hierdie aflos-geleentheid mag dalk net 'n jaarlikse instelling word op die Swarrie-sportkalender!

Individuele skoolfoto's

Daar is nog geleentheid tot Vrydag, 21 Augustus om foutiewe skoolfoto's aan te meld by die registeronderwysers. Daarna beskou ons die saak as afgehandel. Dankie vir u samewerking en begrip.

Oorskakeling na somersdrag



Leerders kan nou reeds somersdrag begin dra indien hulle wil. Ons skakel egter formeel oor na somersdrag vanaf Maandag, 7 September en Swarrie-drag vanaf Vrydag, 11 September. Indien u items by ons klerewinkel wil aankoop kan u vir Me Hanlie Beukes (083 456 7644) kontak en 'n afspraak met haar maak aangesien ons nie met die huidige inperkingsmaatreëls besoekers op die skoolterrein mag toelaat nie.

Swarrie Engele Kruideniersware projek

'n Paar van ons gesinne word steeds sedert die begin van die inperking van kospakkies voorsien. Ons is egter afhanklik van skenkings. Indien u wil bydra, kan skenkings van kruideniersware na die adminkantoor gestuur word. Indien u 'n finansiële bydrae wil lewer, kan dit in die skool se bankrekening inbetaal word met verwysing "Swarrie Engele-fonds". Baie dankie vir u oop hand en hart. Voorstelle vir skenkings is soos volg maar enige ander items sal ook baie waardeer word:

Gr RR/R: mieliemeel, koekmeel of blikkies tamatie- en uie sous

Gr 1: pasta of wortels

Gr 2: rys of soppoeier

Gr 3: Blikkies vleis of lemoene

Gr 4: Blikkies groente of ontbytppap

Gr 5: Koffie/tee of aartappels

Gr 6: Langlewe melk of suiker

Gr 7: Toilet papier / badseep of uie



Ons waardeer u hulp!

Leerders wat positief toets vir Covid-19



Die skool moet steeds voldoen aan streng voorkomende maatreëls en ander regulasies wat deur die Departement van Onderwys daargestel is.

Indien 'n leerder, ouer of familielid Covid-infeksie vermoed of wag vir toetsuitslae, moet sodanige leerders tuisbly totdat die toetsuitslae ontvang is. Indien negatief, mag die leerder terugkeer skool toe. Indien die uitslae positief is, moet ouers die skool asseblief dadelik in kennis stel (kontak vir Me Riana du Toit per e-pos op kantoor@laerskoolswartkop.co.za) sodat die skool die nodige stappe kan neem. Die relevante openbare gesondheidsamptenare sal die skool adviseer aangaande verdere stappe wat geneem moet word indien nodig. Leerders wat self positief toets, of in aanraking was met iemand wat positief getoets het MOET vir 10 dae in self-isolasie by die huis bly. Die skool sal u kind bystaan met akademiese werk op MS Teams en assesserings wat hy/sy moontlik in hierdie tyd gemis het sal ingehaal word.

Groete - tot ons mekaar weer ontmoet

M VAN DER MERWE
SKOOLHOOF